# STROOM-OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

1STE TERMYN 1984


## INTERHOËR ATLETIEK

# *Parkies word Gewaarsku*



*Hendrik van der Merwe met sy pragsprong.*

**Die Parkies het 'n dag van naelsbyt beleef — die Afrikaanse Hoër Seunskool het sy stem dik gemaak en gewysl hul wil swem. Van die begin van die atletiekseisoen was die wete in elke Affie se gemoed: Menlopark kan hierdie jaar in die stof byt.**

**Oefening**

Reeds van verlede jaar af het elke atleet hard gewerk om 1984 'n besondere jaar op atletiekgebied te maak. In die vroeë oggendure het die middelafstandatlete, onder die bekwame afrigting van mnr. P. Swanepoel geoefen en gesweet. Atlete het intensiewe oefenprogramme gevolg om slegs die beste tydens Interhoër en die ander byeenkomste te kan lewer.

**Byeenkomste**

Die sterk atletiekskool van die Noorde die Hoër Tegniese Skool, Tom Naude te Pietersburg, het eerste kennis gemaak met Affies se lus om te wen. Puik prestasies is ook tydens die byeenkoms op R.A.U. se baan teen die Hoër Tegniese Skool Potchefstroom en Helpmekaar behaal. Affies stap ook hier met die louere weg.

**Interhoër**

Eindelik breek Donderdag, 1 Maart aan. Die atlete is slaggereed om hul kragte te meet teen die kompeterende skole, maar veral teen Die Hoërskool Menlopark, dié atletiekskool in die land. Vasberade is daar van die begin af vir elke punt baklei. Halfpad deur die byeenkoms is die punte gelees en die Afrikaanse Hoër Seunskool was ses punte voor hul naaste teenstander, Menlopark.

**Aflosse**

Met die aanbreek van die aflosse het die spanning hoog geloop. Die vorige twee items is albei deur die atlete van Menlopark gewen en die aflosse sou dus die keerpunt in die groot stryd wees. Dit was spanningsvolle oomblikke en die aflosse verloop toe soos volg: S O/13 — Voortrekkerhoogte; S O/14 — Menlopark; S O/15 — Afrikaanse Hoër Seunskool; S O/16 — Menlopark; S O/17 — Afrikaanse Hoër Seunskool; S O/19 — Menlopark.

**Uitslae**

Menlopark klop Affies met 'n skrale 4 punte. Was dit 'n soete oorwinning?

**Affies veg voort**

Affies se 229 teenoor Menlopark se 233 het gesorg dat hul weer eens tydens die Rentmeesters en Sasol byeenkomste kragte gemeet het. Tydens die Rentmeesters byeenkoms wen die O/19-span van die Afrikaanse Hoër Seunskool Die Affie atlete presteer dan ook so goed op die Sasolbyeenkoms dat hul onder die eerste tien beste skole in Suid-Afrika gereken word.

Gedurende die seisoen het 67 atlete ook gekwalifiseer om aan die Noord-Transvaalse kampioenskappe deel te neem waartydens 13 atlete hul Noord-Transvaalse kleure verwerf het. Hierdie atlete is dan ook gekies om aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel te neem.

*Met so 'n veggees en die wil om te wen, kan dit net goed gaan vorentoe. Voorwaar prestasies om mee rekening te hou! Affies ons is trots op julle.*

### Finale Puntestand

Menlopark — 233
Afrikaanse Hoër Seunskool — 229
Voortrekkerhoogte — 155$^1/_2$
Oos-Moot — 144
Gerrit Maritz — 121
Overkruin — 116$^1/_2$
F.H. Odendaal — 81

### Beste Prestasies

Napoleon Vermaak — 200 m — S O/19 — 22,97; Hendrik van der Merwe — Driesprong — S O/19 — 13,44m; Anton Cilliers — Paalspring — S O/19 — 3,79m; Colin Angelo — Paalspring — S O/17 — 3,90m; Corné van As — Paalspring — S O/15 — 2,89m; Robert Dent — 100m Hekkies — S O/19 — 13,9s; Jannie Smit — Hoogspring — S O/19 — 1,92m; Faan Barnard — 2 000m Hekkies — S O/19 — 6,15,1s; Albert Myburgh — 100m, 200m — S O/15 — 11,7s, 24,54s; Quinten Blake — 400m — S O/15 — 52,6s; Polla Potgieter — Verspring — S O/15 — 5,87m; Riaan Bartlett — Skyfwerp — S O/16 — 42,08m; Murry Horn — 100m, 80m Hekkies — S O/14 — 12,05s., 11,70s.

## 'n Huldeblyk aan Oom Koos



Mnr. Koos van Wyk begin sy onderwysloopbaan op 1 Januarie 1950.

Sedert 1 Januarie 1968 word hy aangestel as onderwyser en later word hy bevorder tot Senior Assistent aan die Afrikaanse Hoër Seunskool.

In die meer as 16 jaar het hy hom as 'n Affie in murg en been bewys en uitgeleef.

Hy was lojaal, dinamies en opgewek. Hy het nooit agter af gehandel nie maar na vore gekom as iets hom hinder. Sy liefde vir kinders was kenmerkend en opvallend. Ons sal hom altyd onthou as 'n lojale kollega, vriend en leermeester.

Dankie vir dit wat hy gedoen het en vir die skool beteken het.

Ons huldig sy nagedagtenis.

Aan sy vrou bid ons sterkte toe. Mag die Goeie Vader u vertroos en lei en die pad wat voorlê.

# *AHMP swem dat die stof so spat!*



*Lorinda Botha dra haar deel by tot oorwinning*

**Oorwinning**

Na 'n maand se harde oefening en opofferings is ons gereed vir die groot dag — Interhoër. Sommige Affies is maar heel brommende en rusteloos af Hillcrest toe om later tot ander insigte te kom. Vir die swemspan was dit natuurlik 'n dag van groot afwagting en toe Affies in hul massas opdaag, kry ons nuwe inspirasie en aansporing om nog meer uit te haal as wat ons het. Aan die einde van die dag wys ons weer eens wie is baas en raap ons die beker voor 'n klomp teenstaanders weg. Ook Seunshoër het met hulle beker weggeloop.

Die kerkklok slaan 6 keer en 'n rooi gevaarte kom om die hoek van die koshuis aangejaag tot verligting (of spyt?) van 'n paar vaak Affies met deurmekaar hare — kan iemand raai? Natuurlik die ontwakende swemsters. En agter die rooi gevaarte se stuur? Wie anders as mej. Bothma? Oggend na oggend, middag na middag word die kombi propvol gelaai en weer ontlaai by Harlequins-swembad waar ons by Jim Spring afgerig word.

Ja-nee, koekverkopings is gehou totdat koek by almal se ore uitgeloop het, transaksies met die C.S.V. is aangegaan en sakke is geskud om ten einde laaste vir die swemster se afrigting te betaal.

**Saterdag**

Om alles te kroon vaar ons puik in die gala vir die Administrateursbeker waarin al die wenskole van hul verskillende bonde vanoor die hele Transvaal deelgeneem het. Die kompetisie was die sterkste ooit en in die helfte van die gala kondig hulle af ons is 10de. Maar hulle gaan lê nie, en veg soos ware Affies en verower die 3de plek.

Aan 'n puik swemspan — baie geluk, julle het gewys dat daar murg in julle pype sit. Laaste maar nie die minste nie — sonder so 'n puik onnie soos Mej. Botha kan ons maar die wenplek tot siens gewaai het!

*"Ek sien haar wen."*


## LEES BINNE


Bls.

Maskers vir Meisies .......... 6
Van Bomme tot Bakstene .......... 3
Sportman/vrou van die Termyn .......... 10
Navolgenswaardige Oud-Affies .......... 2
Atletiekprestasies .......... 10
'84 Kapperjolle .......... 4
Waar is Seuns Hoër se Vlag? .......... 3

# REDAKSIONEEL


## *REDAKSIE 1984*




Leanda de Jager — *Redaktrise*
Marna Steyn — *Sub-redaktrise*
Elsa Oosthuizen — *Kultuur*
Mimi Schuman — *Kultuur*
Ilse du Preez — *Algemeen*
Meleny Cunniff — *Algemeen, foto's*
Michelle Chidrawi — *Sport*
Louise Earle — *Advertensies*
Annari Harley — *Sport*
Ute Robbertze — *Sport*
Nicolette Rose-Innes — *Sport*
Marlise de Vos — *Algemeen*
Karen Steyn — *Advertensies, foto's*
Lorinda Botha — *Advertensies*
Melissa Cronje — *Algemeen*
Santa van der Merwe — *Kultuur*


**Redakteur: A. Manser**
**Sub-redakteur: P. Herman**
**Kultuur: P. Swart**
**M. Myburgh**
**G. Rautenbach**
**Sport: S. Botha**
**P. de Wet**
**L. Hamman**
**Fotografie: A. Erasmus**
**N. Ferreira**
**Advertensies: F. Barnard**
**Algemeen: J. Venter**
**S. de Beer**


## Oud-Affie van die termyn:

# Louis Martin Cloete

### Voorsitter van die Oud-Affiebond

**Hy is op 23 Desember 1935 in Pretoria gebore. Aan die einde van 1952 matrikuleer hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool. As buitemuurse student behaal hy die Diploma in Argitektuur (1960); die Magister in Argitektuur (1977); die Magister in Stads- en Streeksbeplanning (1978) aan die Universiteit van Pretoria. Tans is mnr. Cloete 'n ingeskrewe student by die Universiteit van Stellenbosch waar hy hoop om my doktorale-tesis oor die Volksboukuns en die Stedebou van die dorpie Genadendal, in die Kaapprovinsie, te voltooi.**



*Louis Cloete: Oud-Affie van 1952*

Verskeie oorsese studiereise i.v.m. vakansieoord-ontwikkelings op die kuslyn, hoë digtheidwoonontwikkeling, woongebiedontwikkeling en stedelike rehabilitasie, is onderneem. Hy woon ook talle nasionale en internasionale kongresse by waartydens referate gelewer word. Verskeie artikels is reeds in plaaslike en oorsese vaktydskrifte gepubliseer.

**Buiteaktiwiteite.**

Het etlike jare op die Provinsiale Komitee van die Transvaalse Instituut van Argitekte gedien, ook as ondervoorsitter van die Raadgewende Stadsbeplanningskomitee; op die paneel van eksterne eksaminators vir finale jaar Argitektuurstudente Wits Universiteit; aktiewe rol by die Laerskool Pretoria-Oos, eers as lid van 'n studiegroep wat die fietspad vanaf die Laerskool tot voor AHS gegenereer het, daarna as voorsitter van die O.O.V. en toe by AHS ingeskakel as lid van die Beheerraad en nou ook Voorsitter van die Oud-Affie Bond, ook voorsitter van die Alex Roberts Trust wat die plaas beheer; tree op as konsultant vir die Stigting van Gemeenskapsdiens, 'n organisasie wat hom beywer vir die opgradering en vernuwing van die Kleurling woongebied Eersterust buite Pretoria.

Is tans baie nou betrokke by die Burgerlike Stigting, 'n niewinsgewende organisasie wat hom ten doel stel, die bewaring en hersiklusering van bewarenswaardige geboue op 'n ekonomiese en lewensvatbare grondslag.

As lid van die Algemene Diensburo van die N G Kerk, is hy nou betrokke by Kerklike beplanning, beide ruimtelik en fisies en is tans besig met verskeie ondersoeke vir die Kerk.

Het lank in die Kerkraad van die N G Gemeente Pretoria-Oos gedien, eers as diaken en toe as ouderling, rus tans so 'n bietjie.

**Toekennings.**

Mnr. Cloete verwerp 'n toekenning as die beste derdejaar student. 'n Prestasiebeurs om aan die Universiteit van Liverpool verder te studeer moet hy a.g.v. sy voornemende huwelik van die hand wys. Vir die akademiese jaar 1963/64 is hy die beurshouer van die British Council, London en doen navorsing op die gebied van voorafvervaardigde boukomponente. In 1970 verwerf hy 'n Internasionale Rotariër Uitruilbeurs daar hy hom as 'n uitstaande jong sakeman onderskei.

**Professionele kwalifikasies.**

Geregistreerde lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte sedert 1961; lid van die Royal Institute of British Architects sedert 1972; studentelid van die Royal Institute of Town Planners; Assosiasie-lid van die American Imstutute of Planners.

Praktiseer sedert 1961 tot 1978 as argitek in Pretoria onder die naam Louis Cloete Argitek en sedert einde 1978 as: LOUISE CLOETE + MEDEWERKERS INGELYF Argitekte/Stads- en Streekbeplanners.

**Sakeaktiwiteite.**

Is direkteur van verskeie maatskappye en is ook op 'n klein skaal betrokke by eiendomsontwikkeling.

**Praktyk.**

Die werk wat die praktyk onderneem, is veral gerig op die mens, d.w.s. sy woon-, werk en speelplek.

Die projekte wat aanvaar word, is hoofsaaklik hoëdigtheidwoonontwikkeling in bestaande of nuwe woongebiede. Werk word landswyd onderneem en 'n aantal projekte is reeds oorsee aangepak.

Die firma se Credo is: GOEIE WERK BEVEEL SY EIE ARGITEK AAN.

**Persoonlik.**

Mnr. Cloete is getroud met Annette Marle Malherbe (B.Sc-graad en besig met haar B.Mus. doktorale studie). Die oudste, Louis Albert, het aan die einde van 1983 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool gematrikuleer en is tans 'n Argitektuur-student aan die Universiteit van Pretoria. Sonya is 'n standerd sewe-leerling aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool en Jaco is in standerd 2 in die Pretoria-Oos Laerskool.

Louis Cloete is 'n gesinsman wat graag saam met sy gesin langs die see uitspan; hul is veral ook groot musiekliefhebbers. Verder speel hy graag gholf. Sy groot voorliefde is egter blitsige motors waarvan sy Porsche getuig.

"As Oud-Affie is daar vir my een uitstaande PLEK met baie mooi herinneringe. Hier het my lewe, my filisofie en my uitkyk vorm begin aanneem. In hierdie jare kon ek my lewe aan die Here toevertrou met die wete dat Hy elke dag vir my sal sorg. As ek so oor 32 jaar terugkyk dan het dit wat daar gebeur het, waar gebly!

Ek het soveel om voor dankbaar te wees. My lewe is so vol en op my beskeie manier en met my lae profiel wat ek al die jare hou, stel ek my dit ten doel om instrumenteel te wees in die vestiging en uitbouing van Affies as die PLEK, nie net in Pretoria nie, maar in Suid-Afrika en om aan die seuns wat die voorreg het om elke dag oor die deurdrumpel van Affies te stap, die aller beste geleenthede te gee wat Affies hulle kan bied, en as Affies dit nie het nie, moet hulle dit kry.

Dankie vir die geleentheid om iets oor my in beskeidenheid te plaas. Dit is nie veel nie, maar wat ek kon onthou, het ek maar neergeskryf."

Affies se hoogste lof en waardering aan mnr. Louis Cloete, ons voorsitter van die Oud-Affiebond; Lid van die Beheerraad en ook voorsitter van die Alex Roberts Trust wat die skoolplaas beheer. U is 'n waardige en navolgenswaardige Oud-Affie waarop ons baie trots is.

## Oud-Affie van die termyn:

# Mej. Illze Pellissier

Haar kantoor lyk soos 'n hospitaalkamer van al die blomme, want op die jeugdige ouderdom van 33 het Illze Pellissier "ma" geword van 600 dogters en die mooie mens straal van trots oor haar kroos wat sy van vandag af moet opvoed as nuwe hoof van die Hoër Meisieskool Oranje in Bloemfontein.

Opvoed is die woord wat tel in haar woordeskat, want sy sien haarself as pedagoog eerder as onderwyseres in die eng sin van die woord.

**Voorstel**

"Om van kinders gebalanseerde grootmense te maak is my beroep se grootste uitdaging," vertel sy na 'n besige dag in die atmosfeervolle grasdak-kothuis wat sy op die skoolterrein bewoon.

Sy kom uit 'n bekende onderwysfamilie met 'n lang Oranje-verbintenis maar aan haar versoek — "moenie vra wie my familie is nie, vra liewer wie is ek" — voldoen 'n mens graag, want die sprankelende mej. Pellissier is een van daardie hartlike mense wat 'n mens met plesier voorstel.

Sy's amper te jonk en mooi om te vereenselwig met die gewigtige taak van haar nuwe pos, maar sy het kwaliteite wat tiner-aanslae kan trotseer en is die soort van vandag-se-vrou met wie enige meisie graag sal wil assosieer.

**Stempel**

Haar beroep is vir haar 'n roeping, maar van die stempel "beroepsvrou" hou sy nie, want dit klink vir haar al te veel na beroepsverslaaf en dit is sy beslis nie.

Eg vroulik wel. Daarvan getuig haar smaakvolle blyplek met die vrolike laslappiekussings en pottebakkerswerk wat sy self gemaak het en die besonderse meubelstukke wat sy oor die jare in antieke en tweedehandse winkels uitgesnuffel het en kunstig saamgevoeg het in prentjiemooi groeperings.

**Tennis**

Kuns is een van haar groot belangstellings en die rede waarom sy 'n Honneursgraad in Kunsgeskiedenis voltooi het. Teen haar mure is Vrystaatse kunstenaars goed verteenwoordig en in haar studeerkamer met sy rooi meubels pryk prag-plakkate van haar broer, Samuel, wat 'n internasionale model is.

Kleremaak is 'n ander belangstelling en tennis haar voorkeursport. "Ek is altyd tot die kinders en ouers se beskikking maar Woensdae-middae is my tennistyd," sê sy.

Vir haar familie is sy baie lief en sy is juis besig om haar Duitse oupa, Johannes, se memoirs te tik wat hy op 92 nog helder en humoristies vertel.

**Opreg**

Haar eie lewensfilosofie wentel om opregtheid en betroubaarheid. "As jy opreg is kan jy met jouself saamleef en as jy betroubaar is, kan ander met jou saamleef."

*(Uit "Die Volksblad) 18 Jan. 1984.*



*Mej. Illze Pellissier, hoof van Oranje Meisies*

## *Geagte Redaksie . . .*

*Graag wil ek u meedeel dat ek baie verontreg voel oor die optrede wat die matriekseuns van ons "susters" oorkant die straat ontvang. Ons doen alles in ons vermoë om goeie betrekkinge met die meisies op te bou, wat dan eenvoudig platgeslaan word. Ons kry die idee dat ons matrieksusters nie met ons wil meng nie, daar word bv. langer by Boys High gesêrrie as by Huis Frank le Roux, om maar net een voorbeeld te noem.*

*Goeie verhoudings kan slegs deur beide partye opgehou word. As die meisies nie hulle kant bring nie, hoe kan goeie verhoudinge staande bly? Ek wonder of die belangstelling in die juniors nie ietsie met die ou tere sakie te doen het nie?*

*Anoniem*

# Nuusflitse: Van bomme tot bakstene

**1. METAMORFOSE**

Die Romeinse Baksteenklas het een oggend vir 'n verrassing gesorg — 'n gedaanteverwisseling het oornag plaasgevind. Nuwe plakkate en boekrakke vol kennis het die Latynse leerlinge begroet. Die rooi tapyt is egter nie vir hulle oopgerol nie, maar vir die besoek van die inspekteur.

**2. ONNIE-EKONOOM**

Mnr. A. Oelofsen het die beloofde salarisverhogings vir die onderwysers vooruit gehardloop en 'n nuwe (tweedehandse?) Toyota Corolla gekoop. Ons hoop net die belofte maak nie skuld nie.

**3. AGGRESSIEWE ELEMENTE**

Op Saterdag, 3 Maart, het een van Affies se gewildste onderwysers, mnr. "Chuck" Swan, 'n noue ontkoming gehad. Omdat hy, as ywerige houtwerkonderwyser, op 'n Saterdagoggend in sy sentrum gewerk het, was een van die oorwerkte masjiene nie te gelukkig nie en het mnr. "Chuck" op 'n onnatuurlike wyse aangeval. Met 'n ontsaglike spoed, eie aan die blitsige mnr. Swan, snel hy daar weg dat net sý paar swart "Grasshoppers" agterbly. Hy was egter gelukkig om die gebruik van sy stembande te behou.

**4. DEURBRAAK**

Die bebaarde ekonomie onderwyser van die Afrikaanse Hoër Seunskool, mnr. "Flash" Malan, het die afgelope termyn 'n merkwaardige **deurbraak** gemaak. Vas onder die indruk dat sy klas oopgesluit is, het hy op 'n heel unieke manier die deur in flarde (splinters) oopgeskop.

**5. BOMME REËN OP AFFIES**

Die verbode A.F.F.I.A.-lede het skuld aanvaar vir die berugte waterbom wat op Woensdag, 29 Februarie, (skrikkeldag) die Snoepies geskud het. Duisende sente se skade is aangerig en snoepie-assistente moes vir skok en waternat beserings behandeling ontvang.


**6. SLUIPERS IN KOMPETISIE**

Vrydag is gewoonlik die dag van bespiegelinge oor wie die sluiper van die week gaan wees. Om te kwalifiseer moet jy voortgaan om 'n suurstofdief te wees.

Die rooibaksteentrofee, met die vorige sluipers se name daarop word deur mnr. Pierre Edwards tydens 'n kort seremonie oorhandig.


Raad om 'n sluiper te word is:

1. gereelde afwesigheid sonder rede,
2. verkope van verbode alkoholvrye versnapperinge op Loftus;
3. pluk toetse so goed dat 1984 sy historiese matriekjaar sal wees . . .
4. besoeke aan die koshuis na ure.



*'N SLUIPER WORD BELOON*

# Geesbeker, JY'S Affies s'n (A.H.M.)




*So, uit volle bors, het AHM die beker gewen.*

**Soos die gebruik maar is, het die geesbeker weer vanjaar huis toe gekom. Ook met die atletiek het die ratte vinnig gedraai en saamgewerk sodat die meisieskool 'n tweede plek ingeneem het.**

Dinsdag, 28 Februarie, een dag voor **skrikkeldag**, is die jaarlikse Pilditch byeenkoms gehou. Die pragtige dirigente, Ilze Windell, Sonja du Toit, Nita de Lange, Louise Earle, Christelle Swart en landi Neveling het hulle meesterlik van hul taak gekwyt om die groot groep Affies in toom te hou en te "orkestreer". (Selfs hoëhakskoene het later gewaai).

Sommige standerd sessies moes gelawe word; die hitte asook die opwinding was een te veel. Teen drieuur was daar 'n insinking, maar met die ysere wil van die dirigente het die Affies nuwe krag gekry en uit volle bors voort gesing.

En soos 'n sessinkie na die tyd gesê het: "Dit was só mooi!" Die hoofprefek het die daaropvolgende Vrydagaand tydens die debat haar toespraak in 'n fluisterstem gelewer, maar al wat Affie is, was trots op daardie hees stem!




*Só is "Soppies" ontvang.*

# Waar is Seuns Hoër se vlag?


**CHAOS**

Die sekuriteit was toe nie so goed nie! Twee meisies het maklik daarin geslaag om Seuns Hoër se vlag vir 'n hele middag te leen!

Nadat 'n Valentynskaartjie by Spartacus (alias Baksteen) afgelewer is, het die "posbodes" gesien hoe traag die groen vlag wapper. . .

Met 'n groot gesukkel is die ingewikkelde knope losgewoel en voordat jy kon sê "mes" is die vlag geneem, terwyl 800 seuns rustig verkeer.

Die terugneem van die vlag was minder aangenaam en daar moes hewig verskoning gemaak word. So 'n grappie is verskoonbaar op Valentynsdag (en boonop is dit skrikkeljaar).



*WAAR GAAN DAAI VLAG HEEN?*

# Die Groentjies hou konsert

Telkens wanneer daar niks op die verhoog gebeur nie word Petro-Nelize sonder skroom opgestuur om 'n item te lewer. Die "kleuters" in die orrelput het byna begin nies van die stof toe Pinnochio se wysie begin het en hulle kon uitpeul. Die moderne danse was goed, te danke aan Leandra Wiid se goeie afrigting. Die "kroningsplegtigheid" was nog nooit so lagwekkend nie. Die blitsie waarmee juffrou Holtzhausen die een st. 6 leerling moes kroon, het uit die niet verskyn. Te danke aan Leandra de Jager en Elsa Oosthuizen se goeie tydsberekening het die musiek en die neerlating van die kussing met die blitsie gekoördineer.

Ten slotte het die hoof, Mej. A. Holtzhausen besluit om die "baba"-standerd sesse tog by Afrikaans Hoër Meisieskool toe te laat.

Die groentjiekonsert by die meisieskool het amper onvoorwaardelik op 'n mislukking afgestuur. Gelukkig was die standerd sesse en matrieks bereid om hul tyd, ten spyte van al die week se atletiek, op te offer. Donderdag middag met die kleedrepetisie was dit chaos. Vrydagoggend het dit egter aan die lig gekom wat in die matrieks sowel as st. sesse steek. Die gordyne is gelig, die T.V.-nuus kenwysie het begin speel. Vir die toeskouer het alles perfek gelyk maar agter die skerms was dit 'n totaal ander prentjie.

# Affie-manne, wat 'n skande!

Daar is 'n paar "mannetjies" wat hul lywe deesdae Boy George wil hou. Party kleur hul hare, "mango"-kuiwe of botterkuiwe verfyn hul manlike voorkoms. As ons ons oë weer uitvee, dra die "manne" oogomlyner en blosser — die wilde weghol se moses.

# Prefekte Interhuisete

Tydens die etensuur met Interhuisatletiek het die Meisieprefekte die Seunsprefekte vir aandete genooi. Die terrein is heel onskuldig by die swembad gekies. Die gemoedere het hoog geloop tussen Rooi, Groen, Swart en Geel. Spoedig het almal begin smul. Tog het dit gebly dat die seuns een of ander afkeer in die hoender gehad het. Die oorsaak is heelwat later eers uitgevind.

**Waterpret**

Die hoofmeisie, Elsa Oosthuizen het ewe niksvermoedend langs die blou kettings by die swembad gaan staan. Skielik het 'n paar seuns, met Pieter Kemp op die voorhoede, haar opgetel. Die meisies het magteloos toegekyk hoe hulle hoofmeisie in die water gegooi word. Nie lank nie of 'n paar meisies pak van die seuns en kry hulle terug. Amper niemand het droog van die terrein af weggegaan nie.

As 'n mens saam met Affie seuns iets doen, moet 'n mens altyd op jou hoede wees, soos uit die voorval blyk.

*Mimi Schumann.*


# Oudstryder neem weer die tuig op

Eenmaal 'n Affie, altyd 'n Affie.

Na nege en dertig jaar in die onderwys en by Affies het mnr. Piet Bosua verlede jaar afgetree. Graag wil die Affies, in die besonder die matrieks, ons veteraan Wetenskaponderwyser, mnr. Piet Bosua, hartlik terug verwelkom.

Sy aftrede was vir ons 'n verlies en ons was bekommerd dat die gemakstoel te lekker sou sit en hy nie weer voor die klas sou wou staan nie. Ons opregte waardering dat mnr. Bosua hom weer oor ons ontferm het.

Die Affies is trots op hom en sal hom met graagte deur die veertigste Affie-jaar vergesel.



*Mnr. Piet Bosua*

## In en Uit dinge

| Uit | In |
|---|---|
| Koekverkopings | Snoepies |
| Toetse | "Siek" wees as toetse geskryf word. |
| New Wave-haarstyl | Die Bob |
| Gekleurde oorbelle | Kettings en spikes |
| Lekkergoed-en-vrugteslaai partytjies | Chips of hoender-en-mayonaise partytjies. |

**FACTORY SHOP**

723 ARCADIA STREET (CLOSE TO ART GALLERY)
TEL. 43-3744/43-3979

NOW OPEN IN PRETORIA



*Inbetween Clothing*

*WE HAVE **NEW** POPULAR FASHION STOC EVERY WEEK*

*COMPARE THESE ACROSS THE BOARD **LOW** PRICES.*

*ALL THE FASHIONS STRAIGHT FROM THE FACTORIES AT FACTORY PRICES*

# Paasseëlveldtog — Ons grootste poging ooit

Elke jaar gedurende Maart- en Aprilmaand snoer al die Affies hul kragte saam om geld in te samel ten bate van die liggaamlike gestremdes.


Sedert daar in 1978 met die veldtog in skoolverband begin is, het Affies elke jaar die trofee verower vir die hoërskool wat die meeste paasseëls verkoop het. Daar is vanjaar 'n nuwe trofee ontwerp en die ou een het ons permanente eiendom geword.

Vanjaar wil ons groot hoogtes bereik. Verlede jaar het ons seuns die baie mooi bedrag van R2 800 ingesamel. Vanjaar is ons van plan om die R3 000,00 kerf te oorskrei en al die seuns het hul heelhartige samewerking beloof.

Tog weet ons almal dat die trofee nie hoofsaak is nie. Ons is almal gesonde en lewenslustige jong seuns en ons is baie dank verskuldig aan die Hemelse Vader dat ons al ons ledemate tot ons beskikking het. Ons harte gaan uit na hulle wat hul lewens in rolstoele of vasgekluister in 'n bed moet deurbring. Ons wil graag alles in ons vermoë doen om die lewe ook vir hulle aangenamer te maak.

Komaan Affies! Ons weet dat ons met julle positiewe gesindheid ons grootste paasseëlveldtog ooit met groot sukses sal bekroon.

*H. van Huyssteen*



*"Moenie vir my stories vertel nie."*

## *Groentjiekonsert:*

# *HARDROEREND!*

Die standerd sesse is vanjaar skeptiies deur die Affies ontvang. Die vrees was dat hul nie as ware Affies sou inskakel nie. Hul is dus 'n gulde geleentheid gebied om hul as mede, waardige, lojale draers van die groen, geel en rooi te bewys.

Die "geleentheid" is natuurlik met die tradisionele st. 6-groentjiekonsert afgerond. Verskeie items van hoogstaande gehalte is gelewer; treffende toneelspel en 'n verskeidenheid items het vir groot vermaak gesorg. Sangnommers deur Marinkowitz het die matrieks in vervoering gehad, veral met sy aria oor sy "lyfie" wat iewers oor die oseaan lê.

**Bekroning**

Ten slotte het die sesse die skoollied en kreet oor die Affie-toeskouers laat weergalm en sodoende in die hart van Affies en sy tradisies ingekruip.

Hulle is nou ook waardige ligdraers van die Afrikaanse Hoër Seunskool. Alle oë is op hulle gerig en hul vordering word met arendsoë dopgehou.



***My Bonnie lies over. . .!***

# Johannes sê: "Dankie"

*1856 Section F*
*Mamelodi Wes*
*0122*
*27 Februarie 1984*

*1 Lynwood weg*
*Pretoria*
*0001*

*Geagte Heer*

*Groete aan die prinsipaal, en sy familie. In die naam van die skool, groet Johannes Mashabane, all die onderwysers, studete ena all die ander mense met wie hy daar saam gewerk het.*

*Van 21 Januarie 1961 tot 31 September 1983 het Johannes vir hierdie skool gewerk. Mnr. Rousch is een van die mane wat Johannes nooit sal vergeet nadat hulle aan mekaar baie gehelp het. Ek wens all die mense geluk wat nou in hierdie skool werk of studeer, en ook die mense wat na julle sal wees. Al hierdie stel ek in die naam van onse Here JESUS KRUSTUS.*

*Die uwe*
*J. MASHABANE*

AFFIES HOU KERMIS
VRYDAG 25 MEI 1984
MASSAGIMNASTIEK-VERTONING
KOMPETISIES
BMX RESIES
RADIO-AFFIE
PRYSE TE WEN
FILMS
FONDSE VIR:
ATLETIEKBAAN VERBETER
VERVERSINGS HOKKIES
NUWE HEKKIES
STALLETJIES
SAT 26 MEI AHS vs BRITS

# DIE SKEPPENDE AFFIE

Affies se terrein is voorwaar in 'n lushof omskep. Daar het oornag 'n pragtige fontein en nuwe tuinlandskappe verrys, die werk van oom Boon le Roux.

Oom Boon, soos alombekend, is reeds 'n gerespekteerde onder die Affies. Hy word as 'n Affie gereken en ook omdat hy aktief inskakel by die koshuis se "serenade"-aande deur die sangers op sy viool te begelei.

Die verantwoordelikheid vir die instandhouding van die swembad, die tennisbane, die atletiekbaan en die geboue rus op die skouers van hierdie hardwerkende, gerespekteerde Affie-man.

Sy roeping is groot, maar die saak is nog groter. Die harde werk gaan nie ongesiens verby nie en daar is groot dank vir sy stuiwer in die armbeurs.

*Pieter Herman*



# *Sjaloom!*

*Verby die verlede,*
*die hede is nou,*
*maar hoe lyk die toekoms*
*wat ons wil behou?*

*Die toekoms is duister,*
*die toekoms is swart.*
*Wat voorlê is donker,*
*die toekoms lyk hard.*

*Vrede op aarde*
*sal daar nie wees;*
*die sonde en slegte,*
*dit vul die gees.*

*Want vrede op aarde*
*is vrede met God;*
*dit kan nie bestaan*
*by wêreldsgenot.*

*Ons bid vir vrede,*
*maar vrede is:*
*die einddoel van*
*. . . die Kommunis!*


*Lyk die toekoms dan donker,*
*steeds sal ons veg,*
*met hart en met hand*
*vir GIDS VREDE EN REG.*

*Want dit is die vrede*
*waarna ons dors:*
*om een te wees*
*. . . met die VREDEVORS!*

*C. Johan de Bruyn, St. 10 (1983)*

## '84 KAPPERJOLLE

Mnr. Roesch — Die padda wou gaan opsit.
Mnr. Burger — "Physical".
Mnr. Badenhorst — "Thriller".
Mnr. Brooks — Swem, Jannie, Swem!
Mnr. Bosua — Hello Again.
Mnr. Booysen — Angel eyes.
Mnr. Cilliërs — Eyes that see in the dark.
Mnr. Edwards — Cuts like a knife.
Mnr. Malan — Why Me? Kinders moenie in die water mors nie . . . wil dit drink.
Mnr. van Huyssteen — Wishing I had. . .
Mnr. Panaino — Piano Man.
Dr. van der Merwe — Another one bites the dust.
Mev. M. le Roux — Wrap your arms around me.
Mev. T. le Roux — Killer Queen.
Mev. van der Berg — Easy money.
Mev. R. Smith — Beautiful noise.
Mnr. Swan — Last night a D.J. saved my life.




# *Vet Pret!!*

*Twee persone sit en drink "Irish Coffee". Watter een is "Bokram?" Die een met die beskuit.*

* * *

*Het julle gehoor dat mans ook intuïsie het. Dis net verder ontwikkel; ons noem dit sommer logika.*

* * *

*Hoeveel Parkies het jy nodig om 'n skroef in 'n muur in te draai? — Vyf. Een hou die skroef vas en vier draai die muur.*

* * *

*Ugandese bevelvoerder aan vuurpeloton: "Reg manne, maak 'n kring."*


* * *

*Mike: "Wat sal jy doen as iemand jou vrou soen?"*
*Jimmy: "Ek sal sy gidshond skop."*

# "RADIO "GA-GA"




*VOETSEER, KEELSEER OF HARTSEER?*



*DIE REDAKSIE IN AKSIE!!*


*AFFIEBLOED — WENNERSBLOED*









*SPARTACUS SE MOSES!*





*EK KAN TOG DANS! WÊ!*

*48-UUR?!?*







*— HET HOM! — UITEINDELIK? —*



*"HARDE BAARD"*





*HIERDIE "STORIE" GEE MY 'N PYN!!!*



*NOU RUK JULLE DIE HOENDER*


*EET HOM "SEUN"!!*






*DIE GROOT OORHEERSENDE "A"*


# Nuwe Latswaaiers




**Mnr. Panaino** — *Lover Boy*



*JARE KOM EN JARE GAAN*




*EN ALLE MATRIEKS GAAN MAL*




**Mnr. Deysel** — *Tokkelossie*


*EK SIEN HAAR WEN*








**Mnr. Venter** — *$H_2O$*



**Mnr. Grobler** — *Murdock*



*DIÉ GEVAARLIKE SWART STEWELS.*




*STERRE VOORSPEL —*
*DIE OPMAAK IS IN SIG*

# Report on Expo '83 for young Scientists

The exposition for young Scientists — to give Expo its full name, has the primary purpose of encouraging children to develop an interest in science and technology, including the natural phenomena surrounding them. This is one of the most neglected areas in the education curriculum today.

EXPO gives a child the opportunity to experiment with something which is not in the school syllabus, or to make an in-depth study of an interesting facet of the syllabus. It supports the two didatic requirements of problem solving and self involvement, and, because it is an exposition, it provides an opportunity for the child to explain to a knowledgeable adult WHAT motivated him or her, and HOW and WHY the specific project or problem was tackled. Expo's accent is on participation, motivation and communication.



*Késhan Niaré ontvang haar prys van dr. Louw Alberts.*

**Wide variety**

Of Expo's 41 categories, 15 related to junior and senior Physics which range from meteorology to optics and include investigations and constructions. The entries included, amongst others, a well thought out and professionally constructed 'perpetual motion' model which turned a wheel loaded with magnets — as each magnet passed a specific point it received a weak pulse from a battery; mobile robots and hovercraft; optical fibres and lasters; to an operational model rocket and a group effort called 'a satellite defence craft'. The variety was as wide as Physics itself. There were demonstrations models which could be used in a teaching laboratory to demonstrate wave action; or to measure the 'moment of force'; or to investigate a pendulum; or, for those with a geological bent, crystals and an apparatus to measure the angles of crystals.

**Poor industrial response**

The Expo organizers are very disappointed that industry displays so little interest in the competition and offers no financial support. After all, this is the source of their future specialists in technological and scientific positions. Some Associations, however, like the S A Optical Society, S A Parasitological Society, S A Botannical Society and the $S^2A^3$ do make contributions.

Girls should also be encouraged to participate. Each year a few more enter what used to be predominantly male categories and I am sure that in time, and as they gain confidence, an increasing number of girls will ultimately become Expo Physics prizewinners.

Finally, Dr Louw Alberts of MINTEK, himself no mean physicist, said during his prizegiving speech that because one spent much time at work it should be of such a nature as to give satisfaction. "Work in which one is happy, and work which is relevant, can be best utilised for the betterment of oneself, one's neighbours, one's country."

*(Expo Correspondent).*

# Maar ons kan praat, hoor!

Twee spanne van die Meisieskool het op die 5de Maart aan die Afrikaanse Taal en Redenaarsgulde se fees by die Hoërskool C.R. Swart, deelgeneem.

Die een span, wat deur Alba Stols, Ina Vermeulen, Nicolette Rose-Innes en Elaine Venter verteenwoordig is, het die moontlike toetrede van Suid-Afrika tot die Organisasie vir Afrika Eenheid bespreek en gewys op die aktualiteit van só 'n stap.

Die ander span het gewys na die verband tussen die mens se geloof in God en die ernstige natuurrampe wat Suid-Afrika die afgelope maande en jare getref het. Hierdie span is deur Frieda van Wyk, Ingrid Loubscher, Derise Boshoff en Susanna Swart verteenwoordig.

Hartlik geluk aan albei spanne, wat elk 'n gemiddeld van B+ behaal het!

*Nicolette Rose-Innes 9E.*

# Gewetenlose slimmigheid onvanpas!

Op Dinsdagaand, 14 Februarie, is 'n baie geslaagde Engelse aand te Boys High gehou. Verteenwoordigers van die Afrikaanse Hoër Seunskool, die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Girls High en Boys High het vir 'n goeie opkoms gesorg.

Die eerste helfte van die program het uit "Just a minute" bestaan. Elke skool is deur twee standerd 6 tot 9-leerlinge verteenwoordig wat hul "vlot" van hul taak gekwyt het.

Die kompetisie het van 'n baie hoë standaard getuig en is terdeë geniet.

Na 'n kort pouse het die seniors gedabatteer oor "Heldhaftigheid by 'n vrou, of gewetenlose slimmigheid, is onvanpas." A.H.S. en Girls High was spanmaats teen A.H.M. en Boys High wat die onderwerp teegestaan het. Uiteindelik is heldhaftigheid en gewetenlose slimmigheid inderdaad as onvanpas bestempel.

*Gordon Verster en Johannes Blom*

# Die kringloop is voltooi. . .

Dankie vir die warm drukkie Mamma. . . Ma moet ook maar vandag probeer soet wees.

Hier is ek nou by die nuwe skool. . . 'n "blou skool" met breë rooi gange wat wie weet waarheen lei. Hier is oneindig baie vreemde gesigte en toe hoor ek 'n stem. . . "My kind" (mev Pienaar) "Sit jy op jou ore?" (Mev. van den Heever), "jy moes lankal geswem het ou parratjie". (mej. Bothma).

Dadelik besef ek dat ek nie van hierdie skool met al sy ou vrouens gaan hou nie; die enigste oplossing is om so gou as moontlik Matriek te skryf en dan spore te maak.

Ek is nou op Universiteit, maar my lewe is net nie wat dit moet wees nie. Ons hêt oneindig baie pret, maar tog mis ek "iets" ontsettend (wat kan dit wees?).


**"Die blou skool"**

Ek weet. . . (nadat ek duisende vrae beantwoord het) ek moet terugkeer na Affies. . . daardie "blou skool".

Nou durf ek die skool aan van voor; maar mag ek by die hoof bruin houtdeur ingaan? Dit is mos nie vir kinders se gebruik nie?

Ek wonder. . . twyfel. . . aarsel nog toe ek Mej. Holtzhausen se vriendelike glimlag opmerk en haar uitgestrekte hand raak vat en weet. . . dit is waar ek tuishoort.

*'n Dankbare oud-Affie.*



*Grietjie en Lizel Meyer.*


# Die Matrieks SWEMMM!!!

28 Februarie 1984 sal die Matrieks van die Afrikaans Hoër Meisieskool seker nooit vergeet nie. Die dag was warm; ons't gesing en geskree; geëet en geëet; gelag en gehuil. Toe ons die geesbeker wen, het ons geweet dat die dag die moeite werd was. Moeg maar GEESTIG het ons teruggery en toe ons die water van die koel swembad sien, het ons selfs van ons ROOI gesigte vergeet. Soos een mán (meisie) het ons almal ingeduik en van voor af begin sing. Nou "effens" hees. Juffrou Holtzhausen het later by ons aangesluit en ons het van voor af Gees gevang; en hoe!!!

Dansend, laggend en walsend is ons daardie aand na ons huise toe. Dit was sowaar 'n dag wat ons nooit sal vergeet nie.

# Skakelkomitee behaal sukses

Gedurende die leierskursus wat die Afrikaans Hoër Seunskool die begin van die jaar aangebied het, het tien matrieks (vyf meisies en vyf seuns) tot die slotsom gekom, dat daar 'n skakelkomitee gestig moet word om sodoende die gees sowel as die samewerking in die skole te beforder. Nadat hulle met die twee hoofde gesels het, is dié komitee gestig. Die eerste byeenkoms was die Matriekbraai wat 'n reuse sukses was. Daar word verder nog baie byeenkomste vir almal in Affieland beplan.




# Lug jou Mening Wen R5,00

Na die onlangse kursus vir skoolkoerante wat met groot ywer aangebied is o.l.v. mnr. André Ferreira (oud-Affie-onderwyser) is die vraag geopper of die fotoblad behou moet word of nie.

'n Meningspeiling word beoog. Intussen verneem die Redaksie graag wat die Affies se standpunt hieromtrent is. Menings wissel tussen:

1. Dit vertoon slordig; en
2. Ons lees dit dan eerste!

Laat weet wat die lesers dink. Die beste brief in dié verband kan R5 verdien!

# Singende Affies kamp weer

"Sal die dames asseblief die koordogters verskoon sodat hulle kan gaan regmaak om te vertrek."

Dis eenuur Vrydagmiddag en 'n baie opgewonde groepie leerlinge skarrel heen en weer om hul bagasie in orde te kry, aan te trek en solank te besluit wie waar sit in die beestrok. Eindelik reg, vertrek ons na oom Rassie se plaas naby Thabazimbi.

Ons is vooraf gewaarsku dat daar net by een kafee gestop gaan word. By die kafee gekom, het ons nes 'n klomp beeste wat uit 'n trok klim, gelyk. Die beursies is heeltemal leeggemaak en die mage gevul.

By die kamp aangekom, het ons skaars uitgepak of ons moes gaan koor oefen, maar met die gedagte aan die lekker kos het ons skouer aan die wiel gesit en geoefen. Daarna het almal bedwaarts gekeer. Wel, nie almal nie, van St. 8-10 het biblioteek toe gegaan en die oorblywende lekkers verslind. Met so 3 ure se slaap agter die rug is almal die volgende oggend 5 uur uit die kooi gejaag om 10 km te gaan stap. Party was maar onwillig en wou liewer in die trok wegkruip. Terug by die kamp na "brunch" het ons die dpel van die kamp terdeë tot ons deurgedring, sing, sing, sing. Teen 3h30 het ons gaan perdry; dit was darem vir jou pret, sommige het eerder gaan "aartappelsak-hop". Groentjies is ook nie verniet in die koor nie en Saterdagaand het hulle ons lekker vermaak.

Sondagoggend was die spesiale dag, nie so seer om die dag nie, maar wel die vetkoek vir ontbyt. Na oggendgodsdiens is daar weer hard geoefen en teen 12 uur het ons die terugtog aanvaar.

*Ute Robbertze.*

Vir die matriekafskeidrok
of partytjie
of spesiale geleentheid
kom na *Dolle Uppe*.

Ons ontwerp en maak
U spesiale uitrusing eksklusief vir U.



Dolle Uppe
Shop 21
Sanlam Centre/Sentrum
Pretoria 0002
Tel. 26-2762

# Ons Kunsherlewing —

*D. Engela St. 10*

Met die terugkeer van mnr J.R. Deichman aan die begin van 1984 het daar vroeg reeds 'n verandering in die kunsklas en in die buitemuurse bedrywighede van die kunsklas ingetree.

Reeds vroeg in die jaar het die kunsleerlinge weer uitstappies na Pretoria en Johannesburg se kunsmuseums onderneem.

Op 6 Februarie het 'n gekose gedeelte van die st. 10-kunsleerlinge op 'n uitstappie na Johannesburg vertrek. Die uitstappie het begin met 'n seminaar in verband met die twintigste eeuse skilderkuns. Die werk van Picasso, Matisse, Van Cogh en Dali is in diepte bespreek. Die uitstappie is met 'n ete by "Pizzaland", met sy heerlike melkskommels, afgesluit.

Op 7 Maart is nog 'n uitstappie deur die st. 10-kunsleerlinge wat die ander gedeelte van die leerlinge ingesluit het, onderneem. Eers is die bekende Picasso-uitstalling "Goodmangallery" in Hydepark besoek. Daar was 'n groot deel van sy werk wat gewissel het van 'n potloodskets, teen R44 000, tot olieverfskilderye, teen een en 'n half miljoen rand, en erdewerk, teen R50 000. Die hele versameling was reeds uitverkoop!

Daarna is die Johannesburgse Kunsmuseum besoek waar 'n seminaar oor die twintigste-eeuse Beelhoukuns aangebied is. Verskillende aspekte van beeldhoukuns is bespreek en daar is in besonder na die werke van Anton van Wouw, Alexis Preller en van Suid-Afrika se swart beeldhouers gekyk.

By die filmteater kon na die twee kunsfilms "Tanny en Alexander" van Ingmar Bergman of 'Daniel', wat as een van die beste films van die jaar bekroon is, gaan kyk word.

Die st. 6-9-kunsleerlinge het intussen ook na die "Picasso-uitstalling se openingsaand in die Pretoriase Kunsmuseum gaan kyk.

Die kunsklub het ook weer nuwe lede gekry en daar is reeds 'n geselligheid met ons susters oorkant die straat gereël, wat alhoewel die verwagte aantal leerlinge nie opgedaag het nie, 'n groot sukses was. Eetgoed is verskaf en 'n film is vertoon.



Groot dank word uitgespreek aan die man wat agter al die oplewing en inspirasie sit om 1984 'n suksesvolle jaar te maak.

**DIE SKONE KUNS BEVORDER BY A.H.M.**

In dieselfde trant as "Ons kuns herlewe" (sien elders in die blad) kan gemeld word van die wonderlike kunsuitstalling wat deur die O.O.V. by die Meisieskool gereël is.

By die ter perse gaan, was dit nog nie afgehandel nie, maar die Hoof mej. A.H. Holtzhausen berig aan Stroom-op dat dit 'n reuse sukses was. (Lees meer hieroor in die volgende uitgawe van Stroom-op).

# Kommunikeer deur te skakel

Tydens die afgelope leierkursus, het die matriek klaskapteins die probleem wat samewerking tussen ons twee skole belemmer, as 'n gebrek aan kommunikasie gedefinieer.

Daar is dadelik aan die werk gespring om die probleem te oorbrug. Die samewerking van die twee hoofde is eers verkry en nie lank nie of 'n komitee is gestig.

Die doel van die skakelkomitee is hoofsaaklik om samewerking tussen die twee skole te verbeter, maar baie "advertensiewerk' word ook gedoen. Die komitee is dus 'n kommunikasiekanaal tussen die twee skole.

Die gees kan baie beslis deur samewerking gebou word en hier dink ons reeds aan die eerste sukses van die komitee, nl. die matriekbraai net voor Interhoër.

*Faan Barnard*

# Die St. 6A-klas is trots

Die St. 6A-klas is trots op die twee Chantals wat met die uitslae van hul onderskeie kompetisie, die hoogste lof behaal het.

Chantal de Jongh het deelgeneem aan die Noord-Transvaalse skaak-kampioenskap op donderdag, 8 Maart te Alkatrant. Haar uitslae was voorwaar voortrefelik. Sy het vyf uit ses potte gewen en die ander een gelykop gespeel. Die finale uitslae sal op Vrydag die 23ste Maart bekend gemaak word. Dan verneem sy ook of sy verkies is om Pretoria te verteenwoordig teen Oosrand, Wesrand, Johannesburg en die Hoëveld se beste skaakspanne.

*(Voorspoed — Red.)*

'n Ander St. 6A-leerling, Chantal Coetzee het op 17 Maart baie opgewonde, maar tog 'n bietjie senuweeagtig, aan die Suid-Afrikaanse "Cut and Blow"-kompetisie deelgeneem. Haar haarkapper Neville Row, het die leisels in sy hande geneem en haar op haar beste laat lyk. Hy was vierde in die kompetisie en is ook gekies om in September oorsee toe te gaan. Daar gaan hy deelneem aan die internasionale Kompetisie in Amerika.



# *femina:* Maskers is 'n moet

'n Gesigmasker is 'n belangrike skoonheidshulpmiddel en kan die tienervel net goed doen. 'n Masker verfris, verfyn en bevogtig jou vel en laat dit tintelend en vars. Boonop kan dit pret wees om self 'n masker te maak.

**WENKE**

'n Masker kan een keer per week aangwend word, oor die hele gesig behalwe die oë. Los groot kringe om die oë oop. Onthou net: 'n masker wat dun aangewend word, het 'n veel beter uitwerking as 'n dik, aangeplakte een. Dit is raadsaam om ná die masker afgewas is, 'n vogmiddel aan te wend.

**RESEPTE**

Hier is 'n paar resepte vir tuisgemaakte maskers:

**Wortelmasker**

Rasper een wortel fyn. Meng een eiergeel met 'n teelepel asyn en 'n eetlepel meel. Meng alles saam en wend aan. Dié masker is vir enige veltipe geskik en kan na plus minus 20 minute afgewas word.

**Hawermoutmasker I** (sensitiewe vel)

Kook 'n handvol hawermoutvlokkies en 'n koppie water virvyf minute saam. Laat afkoel en wend aan. Spoel na 5 minute met lou water af.

**Hawermoutmasker II** (olierige vel)

Kook 'n koppie hawermout, 'n koppie water en die sop van een suurlemoen saam tot 'n dikkerige pap. Laat afkoel, wend aan en spoel na 5 minute af. Dié masker sal jou vel deeglik reinig.

**Avokadomasker** (droë vel)

Meng 12 ml fyngedrukte avokado met 25 ml heuning en 1 eierwit. Klop alles saam, wend aan en spoel na 10 minute met kouerige water af.

**Piesangmasker**

Druk een piesang fyn en wend aan. Hierdie masker is vir enige veltipe geskik en verfyn die vel. Spoel na 15 minute af.



*Die dirigente het, ook seker 'n masker nodig gehad na die dag indie son?*

# Ekorek-klub


Die Meisieskool het 'n Rekeningkunde-klub gestig wat saam met die Ekonomie-klub van die Seunskool gaan funksioneer.

Daar word beplan om die uitstappies so interessant as moontlik te maak en op hoogte te bly van die Ekonomie van ons land.

Almal — selfs persone wat nie Rekeningkunde het nie — is baie welkom.

*Die Bestuur.*

# 'n Skone op die Stadsraad



'n Besondere eer het die st. 8B-klas te beurt geval. Daar is 'n verteenwoordiger vir die Junior Stadsraad uit hul *eie* geledere gekies!

Marlet Stals, nuwe stadsraadslid, is 'n baie veelsydige persoon. In 1983 was sy kapteine van die O/15 hokkie se eerste span, sowel as finaliste in die Mej. Affiool-kompetisie. Daar sal dus in die komende sittings iets vir die oog ook wees!

Sy is genader vir 'n persoonlike mening i.v.m. die komende jaar. Sy het haar doelstellinge duidelik uiteengesit: "Ek is van plan om Affies se naam hoog te hou en uit te dra, sodat almal wat nie weet dat ons 'n akademiese en sportskool is nie, dit gou genoeg sal weet".

georgie girl

Uitverkoping binnekort

casual boutique
hatfield galleries

# Die Wit Golf gaan vanjaar weer tref



*Papie lei die Wit Bulle op die veld.*

Met die atletiekseisoen skaars agter die rug, begin dit waarna elke seun op Affies uitsien — rugby. Aangesien Affies puik gevaar het in die Driedrukkompetisie, koester almal op Affies hoë verwagtinge vir vanjaar se rugbyseisoen. Reeds in die proewe was dit duidelik dat Affies vanjaar gemotiveerd is om slegs die beste moontlik te lewer.


Daar word hard gewerk om weer vanjaar rugby van hoogstaande gehalte te speel. Dit sal slegs moontlik wees as 'n patroon ten opsigte van die basiese beginsels van die spel, vanaf die juniors tot by die eerste span, deurgevoer word. Volgens mnr. P.H.C. van Rooyen, organiseerder van senior rugby in Affies, sal daar aan die volgende fasette van die spel aandag gegee word: lynstane, skrums, losskrums, losgemale en agterlynspel. As ideaal word voorgehou dat die spel "lewendig" gehou sal word deur hadlooprugby. Fiksheid moet die top prioriteit van elke speler wees omdat elkeen slegs dan sy beste sal lewer. Vaardighede aangaande die spel sal aangeleer word sodat elke speler sal verbeter tot sy volle potensiaal. Die ideaal is ook om soveel as moontlik Noord-Transvaalse ligas in te palm. Daarom sal daar dus gepoog word om van Affies weer dié rugbyskool in Suid-Afrika te maak — almal sal weer van die Afrikaans Hoër Seunskool kennis neem.

Vir die eerste span is daar 'n rugbytoer vir die vakansie beplan. Na die vakansie is daar nog een vriendskaplike wedstryd teen Helpmekaar Hoër van Johannesburg wat tuis gespeel sal word. Daarna skop die eerste span die ligawedstryde af deur op die 5de Mei 1984 teen John Vorster op Loftus Versveld 'n voorwedstryd te speel. Die ligawedstryde sal dan teen skole soos Boys High, Menlopark en Overkruin gespeel word.

In 'n onderhoud met die eerste span se afrigter, dr. J.J. van der Merwe, het dit geblyk dat daar vanjaar hard gewerk gaan word om 'n goeie gees in dié span te bewerkstellig, sodat elkeen van die vyftien spelers hul rugby sal geniet. Alle wedstryde sal egter by omstandighede aangepas word. Dit is ook duidelik dat Affies se vyftien Wit Bulle vanjaar hard gaan werk om die Administrateursbeker in te palm. "As 'n man nog nie die Administrateursbeker verower het nie, voel jy nie so sleg as jy hom nie kan kry nie, maar as jy hom 'n slag of wat gewen het, wil jy hom beslis weer hê" — aldus dr. Van der Merwe.

Affies sal ook hard moet werk om 'n waardige voorbeeld van die veld af te stel, sodat dit altyd 'n voorreg sal bly om ons nasionale spel deur ons voorbeeld te dien.

*Laurens Hamman — Sportredaksie.*




# *Affies maak skoonskip*

Die Afrikaanse Hoër Seunskool se eerste krieketspan het vroeg reeds gewys dat vanjaar groot dinge van hulle verwag kan word.

In hulle eerste wedstryd is daar in die laaste beurt teen een van die Engelse skole, nl. C.B.C. verloor. In die Afrikaanse Liga het Affies skoonskip gemaak. Daar is met skole soos Overkruin, Erasmus en Silverton afgereken en Menlopark is twee keer verslaan binne die bestek van 'n week en 'n half.

Die Affies het hierdie jaar 'n betreklik jong span, maar aan talent ontbreek dit nie. André Odendaal, Rudi Britz, Neels Ackerman, Con Peerchase en Stefaans du Plessis was van die junior uitblinkers.

As Affies nou reeds so goed presteer, met die wilgerlat, kan nog groot opslae gemaak word in die Administrateursbekerliga wat voorlê.

*Abraham Manser*

# Die lekker om 'n Affie te wees

'n Oplewing in Affie-atletiek en 'n oorwinning in swem. Om in sulke tye 'n Affie te wees, is om van vreugde oor te borrel.

Ek glo dat die gemotiveerdheid van die Affies, die hegte spangees en die positiewe gesindheid ten opsigte van deelname, die wenresep was. Nou breek die rugbyseisoen aan en dit lyk of dié lieflingsport vanjaar weer groot hoogtepunte aan Affies gaan besorg. Dit is egter jammer dat so baie Affies nog onaktief is en nie eens hul opwagting by wedstryde maak om die spelers aan te moedig nie. Die juniors skitter in hul afwesigheid.

Ek dink dat daar baie Affies is wat met my sal saamstem dat Affies se krag in sy eenheid, sy samehorigheidsgevoel en sy samewerking lê en daarom is dit noodsaaklik dat die juniors sal inskakel, sal saamwerk en sal saamstaan. Buiten hierdie oproep op ons juniors, sal dit verblydend wees om die meisies ook weer in volle glorie te sien deelneem om te wen.



Ek hoop dat hierdie sakie verder deur die senior-leerlinge gevoer sal word sodat Affies weer as 'n eenheid op alle gebiede groot hoogtes kan bereik.

*Die uwe,*
*Affie-patriot.*

# AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL RUGBYBEPALINGS VIR 1984

**VRIENDSKAPLIK**

| Datums | Bepalings | Plek |
|---|---|---|
| Sa 17 Maart | Tom Naudé | A H S |
| Sa 24 Maart | Kemptonpark | A H S |
| Wo 28 Maart | Monument | A H S |
| Sa 31 Maart | Hugenote | Hugenote |
| Di 3 April | Rugbydag | A H S |
| Sa 28 April | Helpmekaar | A H S |

**LIGA - A-AREA**

| | | |
|---|---|---|
| Sa 5 Mei | John Vorster | John Vorster |
| Sa 12 Mei | Overkruin | A H S |
| Sa 19 Mei | C R Swart | A H S |
| Sa 26 Mei | Brits | Brits |
| Sa 9 Junie | Voortrekkerhoogte | A H S |
| Sa 16 Junie | Boys' High | Boys' High |
| Sa 23 Junie | Menlopark | A H S |





***Regs bo:** Papie druk sy eerste drie teen Tom Naudé — die eerste van die jaar en die voorloper van nog baie!*

***Regs onder:** Heyns volg sy kaptein se voorbeeld en help om die Wit Bulle 23-16 te laat wen.*

# *TENNIS*

*Marius Masencamp:*


# Oefening lei tot sukses

Waaraan hy sy sukses kan toeskryf en te danke het, is drie tot vier ure oefening per dag; motivering deur sy afrigter, Dennis Breetake; hulp en ondersteuning van sy ouers en fiksheids- en liggaamsbou-oefeninge nadat hy sy tennis geoefen het. Deelname aan toernooie wat gedurende vakansies deur die Suid-Afrikaanse Tennisunie geloods word en sterk mededingende kompetisie spoor hom tot groter sukses en honderd persent toewyding aan.

**Ideaal:**


Sy wens is om professioneel tennis te speel en onder die eerste tien op die wêreldranglys te kom — die eerste gekeurde te wees.

Marius het baie hoop vir die Suid-Afrikaanse tennisspelers. Hy glo dat die gunstige klimaat, die goeie tennisgeriewe en die geleenthede volop is en goed benut moet word.



***Marius Masencamp***

# *Sportman van die Termyn — S.W. Esterhuizen*



*S.W. Op pad na nog 'n oorwinning.*

Samuel Wilhelm Esterhuizen, by die Affies beter bekend as SW, is op 30 Junie 1966 op Frankfort gebore. Hier het hy dan ook sy laerskool-loopbaan voltooi.

Reeds op laerskool het die atletiek-gogga SW gebyt. Verlede jaar het hy vir die eerste keer sy Noord-Transvaalse kleure in atletiek verwerf. Vir hom was tot dusver die grootste oomblik in sy atletiekloop-baan om tydens 1983 se Noord-Transvaalse Kampioenskappe, in die finaal van die 400 meter te hard-loop. SW spog dan ook met tye van 49,8 sek. in die 400 meter wat hy in 1983 tydens die De Loorskild-byeenkoms opgestel het, en 1:57 tydens 1983 se Rentmeesters in die 800 meter. Sy groot ideaal is dan ook om eendag Springbokkleure te verwerf.

Agter 'n presteerder is daar meestal iemand wat as groot aansporing dien. SW reken sy pa is sy grootste stukrag en ondersteuner. Sy puik prestasies skryf hy toe aan die volgende:


> "Toegewyde oefening, vertroue in myself, my afrigter en my Skepper."

Toe SW in Affies aanland, onder-skei hy hom ook as 'n belowende tennisspeler en hy het reeds in st. 9 as senter vir die eerste rugbyspan uitgedraf. SW laat die akademie egter nie ly onder sy vol program nie en presteer ook op dié gebied. Hy wil in 1985 aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer, maar weet nog nie in watter rigting nie.

*Namens al die Affies wil Stroom-op SW sterkte toewens met sy sport-loopbaan en die hoop uitspreek dat die toekoms vir hom steeds groter dinge sal inhou.*

*Stéphan de Beer*

# Sportvrou van die Termyn



Die sportmeisie van dié termyn is Renante le Roux van St. 6. Sy het al sedert die eerste atletiekbyeenkoms in ons almal se harte gekruip! Sy is die tweede dogter van vier in dié familie Renante, hou van alle sport-soorte, maar veral van atletiek en gimnastiek, en is ook versot op lees.

Van standerd 1 af neem Renante al deel aan atletiek. Toe het sy hekkies, 80 meter en hoogspring gedoen. Die afgelope atletiekseisoen het sy aan 75 meter hekkies, 800 meter en 200 meter deelgeneem en onderskeidelik twee eerste plekke en 'n tweede plek op Inter-hoër behaal.

*Renante sê sy gaan nog lank aanhou om atletiek te beoefen en ons hou vir haar duimvas!*

← *Renante in aksie*

## *Affie-meisies kwalifiseer*

Twee dogters Martjie Roos (St. 8E) en Michelle Phillips (St. 6D) het gekwalifiserende tye behaal en is in-gesluit in die Noord-Transvaalse Lewensreddingspan.

Die Redaksie wil hulle baie geluk wens met hierdie prestasie en sterkte toewens vir die res van die seisoen. 'n Hartlike handdruk aan Mej. Bothma, hul onderwyseres, wat ook elke oggend moes vroeg opstaan!

# ATLETE PRESTEER REEDS VROEG

Reeds tydens Interhuis kon Affies die eerste aanduiding van 'n goeie 1984-atletiekseisoen kry. Op 18 Januarie het vier begeesterde kleurspanne mekaar die stryd aangesê en reeds gedurende die skooldag is 'n positiewe gees opgebou wat skitteratletiek beloof het.


Op 'n snikhete dag het die room van Affies se atletiek, maar ook elke ander lojale Affie, mekaar aange-durf. Reeds van vroegdag af is goeie prestasies op 'n relatief stadige gras-baan behaal.

**Rekords en beste uitslae was:**

Gewigstoot O/13:
Phil Mosterd, 10,69. (Rekord).
Skyfwerp O/16:
Riaan Bartlett, 44,76. (Rekord).
Skyfwerp O/14:
Stefan Cornelius, 35,30.
Hoogspring O/15:
Polla Potgieter, 1,93 meter! (Rekord en kwalifiseer vir S.A. O/17 Kam-pioenskappe).
Spiesgooi O/15:
Corné Badenhorst, 44,76. (Rekord).
800 Meter O/16:
Gerhard Verster, 2:01,7 sek.
Hoogspring O/16:
Paul Bothma, 1,81 meter. (Rekord).
400 Meter O/17:
Johan van Heerden, 51,5.

Verskeie toekennings is gemaak. Die Senior Victor Ludorum was S.W. Esterhuysen en die Junior Victor Ludorum was Stefan Cornelius. Gerhard Vorster het die trofee as beste middelafstandatleet verower. Die gesogte geesbeker is deur die Elande ingepalm. Aan die einde van die dag was die uitslag weer eens ten gunste van die Koshuis: (1) Koshuis — 406½; (2) Hartbeeste — 300; (3) Elande 275½; (4) Koedoes 248.

Hierdie prestasies is ook op verdere byeenkomste voortgesit, sodat dit lyk na een van Affies se beste atletiekseisoene in 'n lang tyd. Hier-voor kan die atlete en afrigters alle lof toegeswaai word.



*'n Koshuisman sorg vir punte*

# 'n Gewigtige saak verdien medalje vir haar baas

Sunette Swart is 'n grapjas in die klas, maar op die sportveld lyk sy soos 'n mnr. T wat gewigte gevaarlik rondgooi. Sy het so pas dié Saterdag 'n blink silwer medalje verower en sy is nou 'n Noord-Transvaler in murg en been. Sy is ook nie grootkop daaroor nie. Soos dit 'n Affie betaam, is sy 'n wenner duisend en steek haar kop weg as daar van haar prestasies melding gemaak word. Haar persoonlike rekord is 10.58 meter, en haar persoonlike ambisie is om Springbokkleure te verwerf.

# Noord-Transvaal Atletiek — Kleurverwerwers

S.W. Esterhuizen: 400m, 4 x 400m aflos.
H. v.d. Merwe: (G) D.S.
A. Celliers: P.S.
J. van Rooyen: 100m, 200m, 4 x 100m aflos.
R. Schultz: 100m, 200m, 4 x 100m aflos.
J. van Heerden: 200m, 400m, 4 x 100m aflos.
K. Jones: 800m.
J. Adelaar: 3 000m.
P. Potgieter: H.S.
J. Smit: H.S.
C. Angelo: (G) P.S.
J. Kelbrick: P.S.
R. Bartlett: S.W.

Gouemedaljeverwerwers wat nie N.Tvl.-span gehaal het nie omdat hulle te jonk is.

Van As: (G).
Blake: (G).



*Jannie Smit verdien sy kleure.*

# Affies is 'n sportskool


Ja-nee, nou sal niemand meer kan stry dat Meisieshoër se atletiek nie baie verbeter het nie, soveel so, dat ons tweede op Interhoër geëindig het!

Die eerste atletiekbyeenkoms was tydens ons skool se verjaardag, op 28 Januarie, by die Seunskool. Af-fies was tweede met 247 punte, net 7 punte en ons was by Waterkloof! Op 4 Februarie was daar sterk kompetisie by Oos Moot, en Affies het die vierde plek beklee, en dit, ter-wyl daar net A-bond skole was!

Op 11 Februarie het 'n opgewonde atletiekspan ook seëvierend na 'n harde dag teruggekom, met die puntetelling 60 punte beter, as West Ridge, wat tweede geëindig het!

Die tweede laaste byeenkoms op Brits Hoër se veld, was beslis ook 'n hoogtepunt. Dansky al die onder-steuning wat ons van ons maats gekry het, het ons tweede geëindig, kort op die hakke van Brits Hoër! En toe — die hoogtepunt — In-terhoër op Pilditch! Die puntetelling was soos volg: H.F. Verwoerd — 137; Pretoria-Wes — 154; Tuine — 171; Meisies Hoër — 188 en Waterkloof — 216. Die toeskouers het ook hard in die son gesing vir die geesbeker!

Ons wil graag vir Isabel Maas, die kapteine, Alita Krüger, en die junior spannetjie wat so goed gevaar het, uitsonder, en sê baie geluk, ons is trots op julle!



*Isabel Maas — Atletiekkapteine*

Laaste, maar nie die minste nie, wil ons graag almal bedank wat elke middag na skool gehelp het met die afrigting, die atlete waardeer dit baie.

Hoe lyk dit, Affies? Oor twee jaar is ons weer in die A-bond, né!

Almal was slaggereed met die In-terhuis op 18 Januarie, en die Koshuis het 'n welverdiende oorwin-ning behaal!



*Hendrik van der Merwe spring sy Noord-Transvaalse kleure los.*



*Corné van As bereik die wenhoogte.*

Gedruk deur Brill Broers (Edms.) Bpk.